

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## **Parashah 18:** Mishpatim (משפטים) regsuitsprake; riglyne; verordeninge

*Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou. Ex. 21:1 – PWL Vertaling<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 21:1 tot 24:18

### ❖ Inleiding

### ❖ Ex. 21:1 – YHVH se geregtigheid

- Die Misleiding van eie geregtigheid

### ❖ Ex. 24:7 en 8 – Die Boek van die Verbond

**Haftorah:** Jer. 34:8 tot 22; Jer. 33:25 en 26 – Die Euwel van Geldgierigheid en Gemaksug.

**B'rit Chadashah:** Matth. 5:38 tot 42; Matt. 15:1 tot 20; Mark. 7:1 tot 23; Luk. 7:1 tot 8:3; Heb. 9:15 tot 22 en 10:28 tot 39.

*The only thing worse than being wrong, is to be wrong and to not know it – Rabbi Rendelman*

*There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

*A huge error of Torah obedience is when we exalt our sacrifices of obedience over love and compassion – Anonymous*

## **Daaglikse Belydenis en Gebed**

Vader U Torah is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

U Torah is vir my vreugde en vrolikheid vir my hart

Ek bely met my mond en glo in my hart dat die Skrifte U Torah is, en dat dit my in die waarheid onderrig, dwaling bestry, verkeerde regstel en 'n regte lewenswyse kweek, sodat dit my as u dienskneg volkome voorberei en toerus vir elke goeie werk

Vader, ek stel myself tot u beskikking om deur U Torah onderrig te word, sodat ek 'n arbeider in U koninkryk kan wees wat U goedkeuring wegdra, en dat ek my nie hoef te skaam vir my werk nie en dat ek U Torah van die waarheid suiwer verkondig.

Vader die Woorde van Torah is rein; dit is soos silwer wat sewemaal gesuiwer is.

Ek wil 'n dader van Torah wees, en nie slegs 'n hoorder wat myself bedrieg nie. Daarom begeer ek om u waarlik deur U Torah te ken en aan U in alles gehoorsaam te wees volgens U Woord in Torah.

Vader ek vra vir volle insig en begrip van U Torah. Ek is bereid om dit soos silwer te soek en soos 'n verborge skat op te graawe.

Vader ek begeer dat die Afgesonderde (Heilige) Gees my sal onderrig aangaande die waarhede in u Torah en u Vaderhart aan my sal openbaar.

Ek bely dat Yeshua die Messias is; die Lewende Torah; u Woord wat vlees geword het; die Weg die Waarheid en die Lewe.

Open my oë dat ek die wonders uit u Torah kan sien.  
Amein.

## **Midrash (Torah Bespreking)**

### **Inleiding**

Sedert die eerste plaag in Egipte, en tot en met die aankoms by Sinai, het Israel YHWH leer ken as *El-'Olam* (die Ewige Magtige God) en as *El-Shaddai* (die Magtige God van meer as genoeg). Hulle het gesien wat met Egipte en sy weermag gebeur het. Hulle het ervaar hoe YHWH hulle op 'n bonatuurlike wyse beskerm tydens die deurtog deur die Rooisee en hoe Hy op 'n bonatuurlike wyse in hulle daaglikse behoeftes voorsien deur manna uit die hemel en water uit die rots. Die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags

was 'n voortdurende herinnering aan YHVH se teenwoordigheid. By Sinai het hulle die manifestasie van YHVH se Teenwoordigheid en Sy stem eerstehands aanskou en gehoor.

Al hierdie was bewys van YHVH se liefde vir Sy volk. Hy het hulle uit Egipte gebring om van hulle 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie te maak (Ex. 19:6). Maar die vereiste hiervoor was dat Israel na YHVH se stem (Sy onderrig en instruksies) moet luister deur dit te doen en Sy verbond met hulle moet hou (Ex. 19:5).

Hoewel Israel van die slawejuk van Egipte bevry was, was hulle nog nie bevry van die invloed van afgodery waaraan hulle vir generasies blootgestel was nie. Die aankoms by Sinai, en die gee van Torah, was die begin om Israel se gemoed te vernuwe om te dink, te praat en te doen soos YHVH. Israel was uit Egipte bevry, maar nou moes Egipte uit Israel verwyder word. Dit is dan op die punt waar hierdie week se parashah begin. Eerstens moes Israel se gemoed vernuwe word ten opsigte van naasteliefde. Hierdie week se parashah, *mishpatim*, is die eerste praktiese toepassing van *jy moet jou naaste liefhê soos jouself!* Dit is as te ware stap een van die proses om Israel te vorm tot 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk ten einde YHVH se eiendom uit al die volke te wees (Ex. 19:5).

Hierdie parashah handel hoofsaaklik oor ons verhouding met ons medemens. Ons optrede teenoor ons medemens is deel van ons heiligmaking (gelykwording aan Yeshua), soos geskrywe is: *Wees afgesonder (heilig) want Ek is afgesonder* (Lev. 11:44; 1 Pet. 1:15 en 16). Torah leer ons dat die afgesonderdheid (heiligheid) van ons ontmoeting met YHVH moet gelykstaande wees aan, en 'n weerspieëling wees van, ons alledaagse verhouding met ons medemens. Deel van ons gelykwording aan Yeshua (heiligmaking) is die nougesette toepassing van die *mishpatim* – die regsprake van YHVH vir 'n vreedsame en ordelike samelewing.

Ons is geskape na die beeld van YHVH (Gen. 1:17) en deur ander te behandel asof hulle geskape is na die beeld van YHVH word ons meer gelykvormig aan Yeshua – word ons 'meer heilig'.

Die wyse om ons medemens te behandel kan opgesom word in hierdie woorde van John Wesley:

*Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, at all the times you can, to all the people you can, as long as ever you can.*

Hierdie is die versekering dat ons die *mishpatim* ten opsigte van ons medemens nougeset sal nakom!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Sien jy die ooreenkoms met Israel van ouds en met ons eie ondervinding? Ons was ook vir generasies blootgestel aan afgodery wat die kerk besoedel het! Ons moes ook eers uit 'Egipte' kom (2 Kor. 6:17 en Open. 18:4) alvorens 'Egipte' uit ons kon kom!

Die Egipte-uit-ons-kom-proses is die vernuwning van die gemoed waarna Paulus verwys (Rom. 12:2 en Titus 3:5).

2. Israel se vernuwning van hul gemoed het geskied by wyse van die onderrig en instruksies soos in Torah vervat is. Is dit dan nie dieselfde in ons geval nie? Is dit nie juis die doen van Torah wat ons geestelik en fisies vrymaak van dit wat van ons 'slawe' maak nie?
3. Wil jy leer om jou naaste beter lief te hê? Begin dan by iemand wat jy nie liefhet nie. Verwys 1 Joh. 2:9 en 1 Joh. 4:7 tot 16 in die verband.

### Ex. 21:1 – YHVH se geregtigheid

Die woord *mishpatim* beteken regsprake (verordeninge; riglyne en die uitsprake of beslissings in 'n regsgeeding). Die *mishpatim* kan ook gesien word as YHVH in menslike terme uitgedruk, want dit is die onderrig vir 'n ordelike samelewing en propvol alledaagse situasies waarmee te doen gekry word.

Die *mishpatim* is die onderrig, instruksies en riglyne vir die toepassing (uitvoering) van **geregtigheid** (*righteousness*) en **regverdigheid** (*justice*).

**Geregtigheid** (opregtheid en onpartydigheid) kan beskou word as die bevrediging (verwesenliking, volbrenging) van alle wetlike en morele verpligtinge of vereistes. Uit 'n regsgeeldige oogpunt is dit die staat (toestand) van onskuldig. Deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot vergifnis van sonde, word ons die geregtigheid (die onskuld) van YHVH in Yeshua (2 Kor. 5:21).

**Regverdigheid** (*justice*) is die eerlike (bilikke, korrekte) administrasie van gesag om regverdig tussen twee partye te beslis en om regverdig te vergoed en te straf. Dit is die toepassing van *mishpatim*.

Geregtigheid en regverdigheid is die hart (middelpunt) van Torah en dus van Yeshua Messias en van die Koninkryk van YHVH. YHVH Yeshua is Geregtigeheid (Jer. 23:6 en 33:16) en Hy is Regverdigheid (Hand. 7:52).

Torah is die standaard (maatstaf; skietlood) van geregtigheid (*tsedakah*), asook die reël (voorskrif, bepaling, riglyn) van regverdige uitspraak (*mishpat*). Geregtigheid vorm die basis van regverdigheid.

Die regsuitsprake van Torah is regverdig (*just*; billik) en die implementering daarvan is die administrasie van regverdigheid (*justice*; billikheid; juistheid). Geregtigheid en regverdigheid loop hand-aan-hand.

*En Ek sal die reg (mishpat; regverdige oordeel) tot 'n riglyn maak, en die geregtigheid (onpartydigheid en opregtheid) tot 'n skietlood; en die hael sal die leuendak (skuiling van leuens) wegruk en die water die skuilplek wegspoel. Jes. 28:17*

Torah is die onderrig in geregtigheid:

- ❖ Eerstens is dit die onderrig in redding deur geloof in Yeshua as die Messias soos 2 Tim. 3:14 en 15 verklaar:

*Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is, omdat jy weet van wie jy geleer het en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskryfte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:14 en 15 – PWL Vertaling.*

Bevestiging van geloof (vertroue) tot redding vind ons in Gen. 15:6 – *En hy (Abraham) het in YHVH geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.* Deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Lam van God word elkeen die geregtigheid van YHVH.

*want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek sonde gemaak sodat ons deur Hom, die opregtheid en onpartydigheid van God kan word.*  
2 Kor. 5:21 – PWL Vertaling.

- ❖ Tweedens is Torah die onderrig in ‘n leefwyse as geregverdigde. Elkeen wat deur geloof in Yeshua sondeverginis ontvang het, en dus met YHVH versoen is, is nou self verantwoordelik om voortaan as ‘n geregverdigde te lewe soos iemand wat vir die sonde dood is, maar wat lewend is vir Vader-God in Messias Yeshua ons Meester (Rom.6:10). As geregverdigdes in Yeshua moet ons nie toelaat dat die sonde langer oor ons heers nie (Rom. 6:11). Daarom leer Torah ons wat is reg en wat is verkeerd, wat is rein en wat is onrein en wat is afgesonder (heilig) vir YHVH en wat is onheilig.

*יהוה sê vir Moshe: “Kom die berg op na My toe en bly daar en Ek sal vir jou die kliptafels met die wet gee en die opdragte wat Ek geskryf het om hulle te leer. Ex. 24:12 – PWL Vertaling*

*Torah is for correction, protection and direction!!*

*Holiness is the art and science of living respectfully within the God given boundaries of life. Rabbi Lam*

In Ps. 33:5 leer ons dat YHVH het geregtigheid en reg lief. Verwys ook Ps. 97:2; Ps.99:4 en Spr. 21:3.

Daarom moet ons die geregtigheid doen, naamlik:

- ❖ om te glo in Yeshua as die Messias en
- ❖ om volgens Torah te leef as ‘n geregverdigde.

*YHVH, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek. Ps. 15:2*

*My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. 1 Joh. 3:7*

Die volgende Skrifverwysing is almal bevestiging dat ons YHVH se geregtigheid moet doen: Ps. 106:3; Jes. 58:2; Jer. 23:5; Jer. 33:15; Eseg. 18:27; Eseg. 33:14 en 19; Hand. 10:35 en 1 Joh. 2:29

Volgens al bogenoemde is dit duidelik dat Torah YHVH se onderig in geregtigheid is. Torah is YHVH se geregtigheid!! Daarom het Yeshua gesê: Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en dan sal daar in al ons ander behoeftes voorsien word (Matt. 6:33).

Ons moet dus aan YHVH se standaard (maatstaf, vereiste) van geregtigheid voldoen. Alleenlik dan kan ons verseker wees dat ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias is. Die gevaar wat ons almal in die gesig staar is die gevaar om ons eie geregtigheid op te rig en sodoende onself regverdig te verklaar!!

### **DIE MISLEIDING VAN EIE GEREJTIGHEID**

Volgens die voorafgaande het ons gesien dat YHVH se geregtigheid die volgende behels:

- ❖ Eerstens om te glo in Yeshua as die Messias en sodoende deur genade die geregtigheid van YHVH in Yeshua te ontvang. Hierdie geregtigheid kan ons egter nie verdien nie.
- ❖ Tweedens om volgens Torah te leef as een wat deur genade regverdig (onskuldig) verklaar is.

Die resultaat van ons geloof is dat ons in die regte verhouding met YHVH staan as geregverdigdes. Dit beteken om vrygespreek te wees van die aanklagte van oortreding van YHVH se onderrig en instruksies (Torah, die wet). Ons sondeskuld is gedelg en ons is onskuldig aan die oortreding van Torah verklaar. Dit is alles op grond van genade en nie deur verdienste (goeie werke) nie (Rom. 3:24). Die logiese gevolg is dat ons nou as geregverdigdes volgens Torah moet lewe en sodoende verseker dat ons in die regte verhouding van onskuld met ons Vader bly om geseën te kan word!!

Abraham, ons vader van die geloof, is die voorbeeld van YHVH se geregtigheid. Eerstens het Abraham in YHVH geglo *en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken* (Gen. 15:6). Tweedens het Abraham geluister na YHVH se onderrig en instruksies en daarvolgens gelewe (Gen. 26:4 en 5). Hierdeur is die patroon wat Abraham se nageslag moet volg vir ewig gevestig.

## **YHVH se gergetigheid is dus geloof in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan Torah!!**

As wedergebore kind van YHVH moet ons dus deur geloof Sy geregtigheid najaag.

*En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die YHVH onse God soos Hy ons beveel het. Deut. 6:25.*

*Geregtigheid, geregtigheid moet jy najaag, dat jy kan lewe en die land in besit kan neem wat die YHVH jou God jou sal gee. Deut. 16:20.*

Indien ons gehoorsaam is aan Torah, word alle geregtigheid vervul (Matt. 3:15).

YHVH het die standaard van geregtigheid bepaal en dit is nie onderhandelbaar nie!! Geloof en Torah-gehoorsaamheid is YHVH se geregtigheid en vereis van ons om as geregverdigdes te lewe. Die probleem ontstaan wanneer ons met YHVH oor geregtigheid wil onderhandel, want dan word ons ons eie gesag oor wat YHVH se geregtigheid is. Dan is dit baie maklik om volgens ons eie reëls en standaarde te leef en steeds te glo ons is geregverdig!!

In die verband skryf Paulus in sy brief aan die Romeine die volgende:

*Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot Elohiem vir Yiesraël doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir Elohiem het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van Elohiem nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van Elohiem nie onderwerp nie. Rom.10:1 tot 3 (Woord en Getuienis)*

Paulus se hartsverlange aangaande Israel is dat hulle gered moet word. Hy sê dat hy kan getuig dat sy volksgenote 'n ywer (entoesiasme) vir YHVH het, maar dat hierdie ywer sonder die kennis van YHVH se geregtigheid is. Die gevolg van hulle onkunde, en geestelike blindheid, is dat hulle poog om hulle eie geregtigheid op te rig en hulself dus nie aan YHVH se gergetigheid onderwerp nie.

'n Baie groot en ernstigste misleiding, is dus die misleiding van eie geregtigheid. Die gelykenis wat Yeshua van die Fariseër en die tollenaar in Luk. 18:9 tot 14 vertel, illustreer dit duidelik:

*En Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel. Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek was twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan*

*eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.*

Eie geregtigheid is hoogmoed, want dit is om jouself bo YHVH se geregtigheid te verhef! Yeshua waarsku ons om nie op onself te vertrou dat ons geregverdig is nie. Geloof in Yeshua as die Messias sonder die werke (dade) van geregtigheid is nuttelose geloof (Jak. 2:14 tot 26). Dit is om jou eie geregtigheid op te rig en jou nie aan YHVH se gerigtigheid te onderwerp nie!

Kain is 'n voorbeeld van iemand wat sy eie geregtigheid wou oprig (Gen. 4:3 tot 8). Hy het in YHVH geglo, maar wou op sy manier vergifnis en versoening met YHVH verkry. Gevolglik het hy nie volgens YHVH se voorskrif van geregtigheid geoffer nie en derhalwe is sy offer verwerp. Eiesinnigheid en ongehoorsaamheid was die oorsaak dat Kain nie geregverdig verklaar kon word nie. Abel het egter deur die gepaste dierlike offer vergifnis ontvang en was gevolglik geregverdig verklaar. Abel het aan YHVH se vereiste vir geregtigheid voldoen.

Wanneer ons ons eie geregtigheid oprig wil ons hê dat YHVH ons regverdig moet verklaar volgens ons standaard en ons reëls. Wanneer ons standaard en reëls van dié van YHVH verskil, rig ons ons eie geregtigheid op. Ons kan wel glo en dink dat ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua is, maar ons glo 'n leuen en is dus mislei.

Ons moet kan onderskei tussen YHVH se geregtigheid en ons eie geregtigheid wat ongeregtheid is. Die Skrifte onderig ons in YHVH se geregtigheid. Dit is slegs wanneer ons 'n dienaar word van YHVH se geregtigheid dat ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias kan wees.

In Matt. 5:20 waarsku Yeshua ons toe Hy gesê het:

*Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.*

Dan moet ons ook nie die woorde van die Apostel Johannes vergeet nie:

*Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.*  
*Joh. 3:10.*

## **Bepeins of Bespreek**

1. YHVH se geregtigheid is geloof in Yeshua Messias as die Eenmalige offer vir vergifnis van sonde en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah – Sy onderrig en instruksies vir 'n welgeluksalige lewe. Is dit wat die Christendom verkondig? Is wedergeboorte sonder opvolgende Torah-gehoorsaamheid nie 'n miskraam nie?



2. Onderzoek jouself aan die hand van YHVH se Woord. Maak seker dat jy YHVH se Torah (insettinge, verordeninge, wet, leringe) liever het as jou eie wil (die eie ek, selfwil). Maak seker dat jy nie jou eie geregtigheid opgerig het en jouself regverdig verklaar het nie, want dan is jy mislei.
3. Soos Abraham is ons ook gekies om aan ons nageslag geregtigheid (*tsedakah*) en regverdigheid (*mishpat*) te leer (Gen. 18:19)

### Ex. 24:7 en 8 – Die Boek van die Verbond

*Hy het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees.” Moshe vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat יהוה met julle gesluit het volgens al hierdie woorde.”*

Die Torah (die eerste vyf boeke), maar ook die Skrifte (Bybel) in geheel, is die boek van die verbond. Hoewel YHVH meer as een verbond met die mens gesluit het, vorm al die verbonde ‘n geheel en daarom kan ons praat van die boek van die verbond.

YHVH se verhouding met die mens was, is steeds, en sal ook vir ewig ‘n verbondsverhouding wees. Die mens kan derhalwe slegs ‘n verhouding met sy Skepper hê deur ingesluit te wees in YHVH se verbond. Daar kan geen verhouding tussen YHVH en die mens wees sonder ‘n verbond nie. Derhalwe is die vertrekpunt van ons Torahstudies, die feit dat YHVH ‘n getroue Verbondsgod is (Deut 7:9):

*Jy moet dan dit weet: Yahweh jou Elohiem, Hy is Elohiem, die getroue El wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. (Woord en Getuienis).*

Die verdeling van die Skrifte in die ou en die nuwe (hernieude) verbond is egter eers in die vierde eeu deur sommige van die kerkvaders gedoen, hoofsaaklik op grond van hul siening dat die ou verbond ‘n verbond van werke was en die nuwe verbond ‘n verbond van genade is. Hiervolgens staan die twee verbonde los van mekaar en is die oue met die nuwe vervang. Dit is dan ook juis hierdie verdeling wat bydra tot die hedendaagse siening dat die wet opgehef is en gelowiges derhalwe vry van die wet is en onder die genade leef.

Ons kan wel al die verbonde wat YHVH met die mens gesluit het soos volg in twee verdeel, naamlik die Voor-Messiaanse verbonde en die Na-Messiaanse verbond (*B'rit Chadashah*). Al hierdie verbonde moet egter as ‘n geheel gesien word en as deel van ‘n stap in YHVH se plan om alles te herstel soos Hy dit aan die begin geskape het. Dit is daarom belangrik om te verstaan dat die Voor-Messiaanse verbonde, bekend as die ou verbond, almal verbonde is wat steeds bestaan, maar waarvan sommige in die Messiaanse tydperk (dispensasie) hernu (bevestig, vervul) is.

Die verbond van die wet (Verbond van Sinai; Mosaïese verbond), naamlik die gee van Torah, was 'n aardskuddende, lewens- en wêreldveranderende gebeurtenis. Ons lees in Ex. 20:18 dat die gee van Torah was 'n sintuiglike ervaring:

*Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan.*

Volgens oorlewering het Israel nie net die Woorde van YHVH gehoor nie, maar dit ook gesien! Yeshua is die Woorde van YHVH wat vlees (sigbaar) geword het!!

Torah is 'n verklaring (openbaarmaking) van die hoedanighede van YHVH, naamlik van Sy inherente karakter, outoriteit en vermoë, en dus van dit wat YHVH onderskei van enige ander god. Die Tien Gebooie (die Torah) is dus inherent deel van YHVH se hoedanighede. Om een of meer van hierdie hoedanighede weg te neem is om 'n ander god in die plek van YHVH te stel. Die Tien Gebooie (*Aseret HaDibrot*) vorm die fondasie van die verhouding tussen YHWH en die mens.

*Moshe het gekom en aan die volk al die woorde van יהוה en al die uitsprake meegedeel en die hele volk het met een stem geantwoord en gesê: “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen”. Ex. 24:3 PWL-Vertaling.*

Let daarop dat die volk eenparig ingestem het om al die woorde en die *mishpatim* van YHVH wat Moses die volk meegedeel het te gehoorsaam. Hierdie bereidwilligheid tot gehoorsaamheid van Israel was tydens die verbondseremonie herhaal (Ex. 24:7 en 8). Israel het dus by wyse van 'n verbond hulself vrywillig bereid verklaar om aan Torah (YHVH se onderrig en instruksies) gehoorsaam te wees.

Volgens Deut. 29:14 tot 16 het elkeen van ons saam met Israel by Sinai gestaan en was ons elkeen deel van die verbondseremonie en het ons elkeen ook verklaar dat “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen”

*Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie, maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie, want julle weet hoe ons in Egipteland gebly het en hoe ons dwarsdeur die nasies gekom het waardeur julle getrek het. (PWL-Vertaling)*

Soos ons deur geloof in Yeshua Messias die nageslag van Abraham is (Rom. 4:16; Gal. 3:7), net so is ons die nageslag van Israel wat by Sinai YHVH se Torah ontvang het en vrywillig ingestem het om aan die woorde van die boek van die verbond gehoorsaam te wees. Ons is deel van die verbond wat YHVH met Sy volk by Sinai gesluit het (Heb. 4:2)!! Ons as gelowiges (nie-Jode, die wilde olyftak) wat ingeplant is op die mak olyfboom (Romeine hoofstuk 11), is deel van die verbond met Abraham (geloof) en die verbond van die Torah (gehoorsaamheid).

*God's law is a thing of beauty because it's an expression of who he is – Izzy Avram*

Opsommend kan dit soos volg uiteengesit word:

<b>Verbond met Abraham</b>	Gen. 12:1 tot 3; Gen. 15:17; Gen. 17:10 en 11 Teken: Besnydenis	Belofte van YHVH se reddende genade deur Yeshua. Geregtigheid deur geloof. Belofte van 'n land as woonplek. Geloof is die geboortereg tot die erfenis. Gehoorsaamheid uit liefde vir YHVH is die besnydenis van die hart.
<b>Verbond van die Torah (Mosaïese Verbond)</b>	Ex. 19 tot 24 Teken: Shabbat (Ex. 31:16) (Die Tien Woorde)	Uitbreiding van die verbond met Abraham. Gehoorsaamheid bring seëninge. Ongehooorsaamheid bring vloeke. Die onderrig in geregtigheid.
<b>Hernieude (Nuwe) Verbond</b>	Jer. 31:33 (Heb. 8:8-10); Luk. 22:20; Teken: Afgesonderde Gees (2 Kor. 1:20 tot 22 en 5:5; Ef.1:13 en 14)	Vereis geloof en gehoorsaamheid. Verbond met die huis van Israel en die huis van Juda, en dus met elkeen wat die getuienis het van geloof (Verbond met Abraham) en van gehoorsaamheid (Mosaïese verbond). Eenmalige offer van Yeshua het tempel, priesterorde en offerhandes vervang (Heb. 7 en 8). Dispensasie van die priesterorde volgens Melgisedek

In die hernieude verbond is die belofte aan Abraham van die Messias (Gen. 12:3; 18:18; 22:18 en 26:4) vervul (Joh. 3:16), en het Yeshua die verbond van die Torah (die Mosaïese verbond) bevestig (vervul, vernuwe en bekragtig – Matt. 5:17 en 18).

### Bepeins of Bespreek

1. Die tien gebooe is die *ketubah* (huweliksverbond) en Yeshua is die Bruidegom en ons is die bruid. Is daar 'n verskil in die huweliksooreenkoms tussen die ou en die hernieude verbond?
2. Verwys Deut. 29:14 tot 16; Heb. 4:2 – die evangelie was aan Israel by Sinai verkondig. Is Torah dan nie deel van die evangelie nie?
3. Sonder geloof in Yeshua as die Messias is daar geen redding nie en sonder gehoorsaamheid aan Torah is daar geen seëninge nie. Ongehooorsaamheid aan Torah is verbreking van die verbondvoorwaardes en dus strafbaar! Dikwels word Satan beskuldig, bestraf en uitgedryf vir die teenspoed, hartseer en bindinge in mense se lewens, terwyl die oorsaak dalk eerder weens Torah-ongehooorsaamheid is!

Laat ons die woorde van Ps. 19:8 tot 14 (PWL-Vertaling) nooit vergeet nie

*Die opdragte van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil en emosie; die bevele van יהוה is suiwer: dit verlig die oë. Die respekvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as kosbare stene en soeter as heuning uit die korf. Meer nog, U dienskneg word daardeur gewaarsku en as hy dit hou sal hy baie beloon word. Wie kan struikelinge*

*verstaan? Reinig U my van verborge foute. Hou ook U dienskneg terug van verwaande sondes sodat die bose nie oor my heers nie, dan sal ek vrygespreek wees van my sondes. Laat die woorde van my mond en die oordenkings van my verstand, wil en emosie aanvaarbaar wees voor U Teenwoordigheid, o יהוה, my Hulp en my Loskoper!*

## **Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)**

### **Jer. 34:8 tot 22 – Die Euwel van Geldgierigheid en Gemaksug**

Hierdie week se Haftorah sluit aan by die gedeelte van die Torahskriflesing wat betrekking het op die onderrig en instruksies ten opsigte van Hebreëuse slawe. Torah leer dat 'n Hebreër wat weens ekonomiese redes homself as slaaf aan 'n ander Hebreër moet verkoop om sy skuld te betaal, in die sewende jaar as vryman weg moet gaan.

*Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou: as jy 'n Hebreëuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy vry weggaan sonder om te betaal. Ex. 21:1 en 2 – PWL Vertaling*

Die hoofdoel van hierdie *mishpatim* was tweeledig, naamlik;

- ❖ Dit het verhinder dat die rykes super-ryk sou word en
- ❖ Dit het die armes 'n geleentheid gebied om ekonomies weer selfstandig te word.

Dit beteken dat elke sewende jaar het daar 'n gedeeltelike verdeling van rykdom of gelykstellende aksie plaasgevind. Maar dit het op so 'n wyse plaasgevind sonder om hardwerkendheid en vindingrykheid in die kiem te smoor. Hierdie onderrig en instruksies van YHVH kan nie met kommunisme of sosialisme vergelyk word nie, maar was bedoel om vir die armes te sorg op 'n wyse wat hulle menswaardigheid sou herstel. Dit kan ook gesien word as 'n daad van naasteliefde en 'n demper op geldgierigheid. Aangesien dit 'n daad van gehoorsaamheid aan Torah is, sal YHVH die ryke weer (en met meer?) oorvloedig seën.

Tydens die profetiese bediening van Jeremia het Israel in vele opsigte Torah verontagsaam soos byvoorbeeld die *mishpatim* ten opsigte van Hebreëuse slawe. Die gevolg van hierdie handeling was dat YHVH se strafgerigte teen Israel op hande was en dit blyk dat die uitbuiting van hulle minder bevoorregte landgenote YHVH se oordeel bespoedig het.

In die lig van die naderende Babilon-bedreiging het Israel hulle sonde besef, hulle verootmoedig en onderneem om getrou volgens Torah te handel deur alle Hebreëuse slawe vry te laat.

*En julle het vandag tot inkeer gekom en gedoen wat reg is in my oë, om 'n vrylating uit te roep, elkeen vir sy naaste; en julle het 'n verbond gesluit voor my aangesig, in die huis waaroor my Naam uitgeroep is. Jer. 34:15*

Toe die bedreiging van Babilon egter blykom oor te wees, het Israel egter die verbond verbreek en die slawe wat vrygelaat was, gedwing om weer in hulle diens te wees.

*Maar julle het weer gedraai en my Naam ontheilig, en elkeen het sy slaaf en sy slavin wat julle vry laat weggaan het volgens hulle begeerte, laat terugkom; en julle het hulle onderdanig gemaak om julle slawe en slavinne te wees. Jer. 34:16*

Met hierdie optrede het Israel 'n bespotting van YHVH en Sy Torah gemaak. Hulle optrede was bevestiging dat hulle nog nie die besnydenis van hulle harte ondergaan het nie. Israel se geldgierigheid en gemaksug het voorkeur bo YHVH en Torah gehad. Die gevolg hiervan word in die woorde van Jeremia duidelik:

*Daarom, so sê YHVH: Julle het na My nie geluister om 'n vrylating uit te roep elkeen vir sy broer en vir sy naaste nie; kyk, Ek roep 'n vrylating uit, spreek YHVH, om julle oor te gee aan die swaard, die pes en die hongersnood, en Ek sal julle 'n skrikbeeld maak vir al die koninkryke van die aarde. En Ek sal die manne wat my verbond oortree het, wat die woorde van die verbond nie gehou het wat hulle voor my aangesig gesluit het nie, maak soos die kalf wat hulle in twee stukke gesny het en tussen die stukke waarvan hulle deurgegaan het: die vorste van Juda en die vorste van Jerusalem, die hofdiensmaats en die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het. Jer. 14:17 tot 19*

YHVH vergelyk sy strafgerigte wat oor Israel sal kom met die deel van die verbondseremonie waar die dier wat as verbondsoffer gedien het, geneem was en oor die lengte van kop tot stert middeldeur gesny en die twee helftes teenoor mekaar geplaas was. Die twee persone wat die verbond sluit, het dan rug-teen-rug tussen die twee helftes en in die bloed van die dier gestaan. Beide het dan in 'n sirkel geloop om aangesig-tot-aangesig te eindig. Die syfer 8 (simbolies van 'n nuwe begin) is op die wyse gevorm.

Hierdie deel van die verbondseremonie simboliseer die sterwe aan die eie ek en die begin van 'n nuwe lewe (wandel) saam as verbondsvennote. Dit simboliseer ook die feit dat sou een party die verbond verbreek, die ander die reg het om dieselfde met hom te doen as met die verbondsoffer, naamlik om hom dood te maak.

YHVH se verhouding met die mens was, is en sal vir ewig 'n verbondsverhouding wees. By Sinai het YHVH met Israel die verbond van die wet gesluit. Moses, 'n heenwysing na Yeshau, was Israel se verteenwoordiger met die sluit van die verbond. Die *mishpatim* ten opsigte van slawe maak dus deel uit van hierdie verbond en daarom het Israel die verbond verbreek toe hulle uit gierigheid en gemaksug nie die slawe in die sewende jaar sonder skuld permanent vrygelaat het nie. So regverdig as wat YHVH met Sy seëninge is, net so regverdig is Hy met Sy oordele en strafgerigte.

In die afwesigheid van lewensveranderende berou en sonder terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid, word YHVH met geen ander keuse gelaat as om ons te straf nie!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Hoe dikwels het ons as idividue of as huisgesin of as volk in tye van nood ons sonde bely en voor YHVH verootmoedig om dan later wanneer die 'noodsituasie' verby gegaan het, maar net weer op ons ou weë voort te gaan. Dikwels het mense berou oor die gevolge van sonde, maar nie berou oor die oorsaak van die sonde nie. Dit is die berou van die onbesnedenes van hart!

2. Is ons nie ook dikwels daaraan skuldig dat ons ‘slawe’ van mense maak deur hulle te laat werk teenstrydig met die opdrag (*mishpatim*) van YHVH se Torah nie? Wat daarvan as jy op Shabbat gaan inkopies doen, of vereis dat jou huishulp op Shabbat moet werk, of as jy ‘n besigheid op Shabbat bedryf? Wat doen jy as jy volgens diensooreenkoms verplig word om op Shabbat te werk of om op Shabbat jou besigheid te bedryf? Ons is in vele opsigte vasgevang in ‘n wêreldstelsel wat van ons ‘Egiptiese slawe’ maak. YHVH vereis gehoorsaamheid, maar dan dien ons ook ‘n Hoëpriester wat medelye met ons het (Heb. 4:14 tot 16). Word die antwoord vir ons in vers 16 gegee?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgoete tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*